

KONFLIK ESKALEER IN ETHIOPIË SE OPROERIGE TIGRAY-STREEK



Die federale regering van Ethiopië het kommunikasie in die swaar gewapende Tigray-streek op Woensdag, 4 November, afgesny en troepe beveel om op 'n vermeende dodelike aanval op 'n militêre basis aldaar, te reageer. Skermutselings het toegeneem en ongevallen is aan beide kante gerapporteer. Abiy Ahmed, die Ethiopiese eerste minister, het sedertdien verskeie verklarings uitgereik om, wat hy noem “wettoepassingsaksie”, teen die weerspannige Tigray-streek te probeer verdedig. Baie

internasionale waarnemers en diplomate in Addis Abeba het egter toenemend kommer uitgespreek dat die groeiende konflik na ander dele van die land, waar daar reeds na groter outonomie gestreef word, kan versprei; of dat reeds brose buurstate by 'n oorlog ingesleep kan word. Die federale en Tigray-regerings was eens bondgenote, maar beskou mekaar tans as onwettig. Die eens dominante *Tigray People's Liberation Front (TPLF)* het gemarginaliseer en deur Abiy se hervormings geteiken gevoel – derhalwe het hulle verlede jaar aan die regerende koalisie onttrek. Tydens die COVID-19-krisis het die *TPLF* beswaar gemaak teen die vertraging van die algemene verkiesing; gevolglik beskou hulle die federale regering sowel as Abiy se verlengde ampstermyn as onwettig. Hulle het ook die federale regering se verbod op verkiesings verontagsaam en streeksverkiesings gehou, wat deur die federale regering as onwettig verklaar is. Die federale regering het later fondse van die *TPLF* se uitvoerende gesag na plaaslike regerings gekanaliseer, wat die streekleierskap ontstig het. Nie een van die partye het tot dusver veel belangstelling in dialoog getoon nie. Daar bestaan nou 'n wesenlike gevaar dat die streek waar Abiy 'n vername vredemaker was, in 'n burger- of streeksoorlog kan verval.

Uit 'n Christelike perspektief is Tigray 'n sterk basis van die Ethiopiese Ortodokse Kerk. Evangeliese en ander Christelike denominasies mag in die streek werk; hulle kry egter stelselmatige en wydverspreide teenkanting van die plaaslike regerende party se verteenwoordigers. Die streeksregering hou die inwoners van die Tigray-streek fyn dop en enige afwyking van die “rewolusionêre demokrasie” – die ideologie van die streeksregering se regerende party – veroorsaak ekonomiese benadeling en kan lei tot administratiewe probleme en teenkanting. In die politieke milieu verseker hierdie vorm van beheer dat die regerende party alle setels tydens verkiesings verower. 'n Soortgelyke strategie word gebruik om die evangeliese Christelike beweging in Tigray te ontmoedig. Insgelyks word dit binne die samelewing in Tigray as 'n groot skande beskou om 'n evangeliese Christen te word. Tigray-aktiviste en -amptenare noem Abiy – wat 'n toegewyde Pinkster-Christen is – “die pastoor”, om sy passievolle toesprake oor vrede, vergifnis en eenheid, bespotlik te maak. Die huidige konflik tussen die *TPLF* en die federale regering het 'n direkte invloed op die kerklike lewe in Tigray. Soos een kerkleier 'n week voordat geweld uitbreek het, verduidelik het: “Hoewel ons vry is om kerkdienste te hou, kry ons sterk teenstand van Tigray se veiligheidsmagte en kaders. Die toenemende politieke en ideologiese spanning tussen die federale regering en ons streeksregering, beïnvloed ons bediening aansienlik. Deesdae het dit baie moeilik geword om

ons bedieningswerk te doen. Ons kry nie toestemming om kerklike konferensies te hou nie. Hulle aanvaar summier dat ons ondersteuners van die *Prosperity Party* (die nasionale regerende party, wat verlede jaar deur Abiy gestig is), is.” Die Kerk in Ethiopië bid dat die situasie vreedsaam sal eindig. Die nuutgestigte *Ethiopian Gospel Believer Churches Council* – ’n sambreelorganisasie vir alle Protestantse, Evangeliese, Pinkster- en onafhanklike kerke in Ethiopië – ’n inisiatief van Ethiopië se eerste minister, het ’n vastyd van tien dae uitgeroep, aangesien alle vorige pogings tot bemiddeling misluk het.

Bid asseblief saam met ons vir die volgende:

- Dat Abiy en sy regering oordeelkundig op die huidige uitdaging sal reageer en dat ’n vreedsame oplossing, tot voordeel van die land en streek, gevind kan word;
- dat kerkleiers in Tigray standvastig sal bly en hulle kuddes met moed en wysheid sal lei gedurende hierdie baie moeilike tye; en
- dat Ethiopiese gelowiges die Here se wil sal soek en Hom sal gehoorsaam, sodat hulle oor etniese en denominasionele grense heen, Sy ambassadeurs van vrede en versoening kan wees.

Foto: REUTERS / Tiksa Negeri